

12 Januarie

Verbly jou in die Here, want Hy antwoord altyd

Skrifgedeelte: Lukas 1:5-25
Fokusgedeelte: Lukas 1:14, 15

Is jy gereed om te wag? Daar is sekere tye wanneer dit moeiliker is om te wag as ander tye. Vir Israel het dit lank begin word om vir die Messias te bid. Vir 400 jaar is daar geen reaksie van God. Die profeet Maleagi was die laaste profeet wat 'n boodskap gebring het. Baie maklik kon Israel moed opgegee het, want hulle gebede het blykbaar niks opgelewer nie. Die verdrukking en swaarkry het al moeiliker geword.

Dikwels beland ons ook in sulke omstandighede – die chaos, onreg, seer en stukkend van hierdie wêreld word te veel. Ons bid, maar dit lyk nie of iets gebeur nie. God reageer – ons sien in die lewe van Sagaria hoe God op ons gebede reageer. Sagaria was 'n regverdige man wat God se wet ernstig opgeneem het. Hy en Elisabet het egter nie kinders nie. Hulle jare is ook al verby vir kinders. God antwoord egter op sy manier en op sy tyd. Sy diens aan en vir God word verdiep wanneer God op hulle gebede reageer.

Ons leer uit hierdie geskiedenis dat God onverwags, persoonlik en volkome reageer. Terwyl Sagaria sy diens verrig, verskyn 'n engel aan hom. God verstaan en Hy weet waarmee ons worstel. Hy ontmoet ons daar waar ons is, ja selfs wanneer ons geloof wankelend is. God antwoord 'n jong man se gebed eers wanneer hy te oud is om dit nog te glo. Hulle gaan 'n seun hê, maar meer nog: hierdie seun gaan tot groot blydschap vir die hele volk wees. Hy berei die weg vir die Messias. God se antwoorde raak nie net ons nie, maar baie meer en verder.

Verbly jou in die Here wat antwoord. Onthou: ons onmoontlikhede is die platforms waarop God sy beste werke doen; God se verdragings is nie ontkenings nie; wanneer God intree, is dit tot sy eer en vir ons ten goede. Hy is die in-tyd, op-tyd en regte-tyd God.

Sing: SB 4-2:1

Ds. Theuns de Klerk (Okahandja)